DIE HOËRSKOOL DF MALAN

Frans Conradierylaan, Bellville 7530
Tel. (021) 948-8781 • Faks. (021) 948-2996
E-pos: isentrum@dfmalan.com

28 Mei 2024

Beste Graadnegeleerders en Ouers/Voogde

REËLINGS IN VERBAND MET DIE VAKKEUSE VAN GRAADNEGES VIR DIE SENIOR FASE

Op Donderdag, **1 Augustus 2024**, vind ‘n **verpligte** vakkeuse-aand vir graadnegeleerders **en ten minste een ouer/voog** in die Aktiwiteitsentrum plaas. Baie belangrike inligting vir die graad 10-12 fase word met leerders en ouers gedeel. Dit is baie belangrik om daar te wees!

Tydens hierdie aand sal die graadneges en hul ouers goed ingelig word oor die leerders se aanlegte soos bepaal deur die Differensiële Aanlegtoetse Vorm S (DAT-S).

Aanleg is die potensiaal waaroor ‘n leerder beskik en wat hom/haar in staat stel om ‘n bepaalde vlak van vermoë met ‘n gegewe hoeveelheid opleiding te bereik. Twee vorms van die differensiële aanlegtoetse is beskikbaar. Die gevorderde vorm is gebruik, aangesien sterk akademies georiënteerde kwessies ter sprake is.

Leerders en hul ouers/voogde kan tussen **18:30 en 19:00** hul DAT-S verslag by die registeronderwysers in die Aktiwiteitsentrum kry. **Ons wys u daarop dat hierdie ‘n vertroulike sielkundige verslag is en dat die leerders dit nie met mekaar moet bespreek nie!** Ons wil **stiptelik 19:00** met die terugvoering van die aanlegtoetse en bekendstelling van die verpligte - en keusevakke vir die senior fase begin.

Die **vakkeuse-aand** is ‘n wonderlike geleentheid vir die leerders om selfkennis en vakkennis op te doen. Dit kan help met vakkeuses. Die bydrae wat ‘n differensiële aanlegtoets in vakkeuses maak, kan nie deur ander metings van prestasie of belangstellings vervang word nie.

Onderwysers sal by uitstallings van die onderskeie vakke beskikbaar wees om vrae te beantwoord. Leerders sal die geleentheid kry om vakke wat in die senior fase aangebied word, te leer ken. Ons moedig u ook aan om met die ander instansies wat spesiaal vir u uitstal, te praat oor loopbaangeleenthede**. Let wel dat verdere ondersteuning deur Eduhelp aangebied word om u en u kind in staat te stel om ‘n ingeligte vakkeuse / beroepskeuse te maak. Die diens sluit verdere assessering (persoonlikheid en belangstelling), ‘n verslag en individuele terugvoer in, en kan aanlyn of by die Eduhelp kantoor gedoen word. Kontak: nbarnard@dfmalan.com om ‘n afspraak te maak teen addisionele koste wat u van u mediese fonds kan eis.**

‘n Datum om aan te teken:
Donderdag, **1 Augustus 2024**, om 18:30 by Hoërskool DF Malan se **Aktiwiteitsentrum**. Die **vakkeuse-aand** maak gewoonlik om 21:00 klaar. **Bywoning is verpligtend**. Indien ‘n leerder dit nie kan bywoon nie, moet die leerder se ouer/voog ‘n skriftelike verskoning aan Eduhelp voorsien.

Vriendelike groete.

Nina Barnard & Michelle Hoffman
Eduhelp

J.H. Conradie
Skoolhoof